PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

Week 11




## SUPERUGBY 2019

**Crusaders vs Leeus**
Die Leeus se maanhare word gepluk in Christchurch deur die Crusaders wat afgeronde spel opdis en gemaklik 36-10 wen. Die Johannesburgers is nou terug in die land en het darem 'n loslootjie om hulle wonde te kan lek en hopelik weer die voorreg van 'n *coach* te beleef. Die Crusaders speel volgende in Christchurch teen die Haaie.

**Sunwolwes vs Highlanders**
Die Japanese Wolwe tjank seker nou nog ou grote – want die Highlanders gee hulle 'n *rugga* les deur met 52-0 in Tokio te wen. Die Wolwe verdien dan ook die eer in die 2019-seisoen om die eerste span te word wat 'n nulletjie aangeteken het... eina!
Die Wolwe reis volgende Brisbane toe om teen die Brumbies te gaan uitkruip, met die Highlanders wat in Dunedin teen die Chiefs kragte gaan meet.

**Hurricanes vs Chiefs**
Vir die eerste keer hierdie seisoen draf die Canes op en speel die tipe *ruggas* wat net húlle kan – dons die Chiefs op en wen 47-17. Die Canes is ook dalk die enigste ander span wat die Saders kan onttroon ou grote, mits hulle op dié tipe spel voortbou.
Die Chiefs speel volgende teen die Highlanders in Dunedin en die Canes kom teen die Rebels in Wellington te staan.

**Waratahs vs Haaie**
Die Haaie bewys hulle is die mees onbestendige span in vanjaar se kompetisie en klop die Tahs in Sydney 23-15. Net verlede week verloor hulle in die Haaitenk teen die swakste Aussie span en wen dan doer onder. Met hierdie rare oorwinning beklee hulle dan tans die eerste plek in die SA Konferensie. Curwin Bosch het op tien uitgedraf en behoorlik vir die Haai-keurders tong uitgesteek met 'n puik vertoning.
Die Haaie kan egter in week 12 'n groot ontnugtering kry en draf volgende teen die Crusaders in Christchurch uit, en dit kan 'n lang dag op kantoor word ou grote. Die Tahs reis SA toe om teen die Bulle op Loftus kragte te meet.

**Stormers vs Bulle**
Op Nuweland vloei die wyn weer in pleks van die trane met die Kaapse seuns wat in 'n opwindende *game* en ietwat gelukkig 'n oorwinning oor die Bulle behaal om die riller 24-23 te wen. Die Stormers reis nou na Buenos Aires om volgende teen die Jaguares te gaan uitdraf met die Bulle wat gasheer speel vir die Waratahs in Pretoria.

**Jaguares vs Brumbies**
Die Argentyne behaal 'n klinkende oorwinning oor die Brumbies in Buenos Aires en wen 20-15. Met hierdie oorwinning van die Jaguares het al die SA Konferensie vyf oorwinnings behaal tot dusver, en die belangrikheid van bonuspunte kan nou gesien word. Net sewe punte skei die eerste en laaste plek met die Haaie tans voor op 26 en die Jaguares laaste met 19 punte.
Die Brumbies speel volgende teen die Blues in Canberra en die Jaguares draf tuis teen die Stormers in Buenos Aires uit.
**Nag ou grote...**

SUPER RUGBY

PermaNet
Permanent Networking Solutions
No Contracts:
R499 for 5Mbps uncapped
R799 for 10Mbps uncapped
Once off R3500 installation
No contracts,
strictly month to month
Contract Options:
R679 for 5Mbps Uncapped
R979 for 10Mbps Uncapped
Once off R950 base connect fee.
18 Month contract
014 940 5390 | 079 889 4248
info@permanet.co.za | www.permanet.co.za

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

## PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Elandrè Schwartz | 3 May '19 | RTB: Die Tarentaal Teater | 082-782-3019 | anita@tarentaalteater.co.za |
| Impala Rugby vs Springs | 4 May '19 | RTB: Impala Rugby Club | 082-926-8403 | naas.olivier@newrak.co.za |
| Care 2B Kind familiedag | 4 May '19 | RTB: The Pink Rocks | 082-061-8458 | care2bKind.npo@gmail.com |
| Mother's Day Lunch | 12 May '19 | RTB: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | events@hedgehogsnest.co.za |
| Magaliesberg Sitrusfees | 25-26 May '19 | ATKV Buffelspoort | 083-399-0600 | ngmarikana@mweb.co.za |
| FNB Magalies Monster MTB Classic | 1 June '19 | ATKV Buffelspoort | 083-399-0600 | entries@stillwatersports.com |
| FNB Platinum Trail Run | 2 June '19 | ATKV Buffelspoort | 083-399-0600 | entries@stillwatersports.com |